BYBELSE PROFETIESE KRONOLOGIE

(NB: 1933 – 1953 Bybelvertaling)

"En ons het die profetiese woord wat **baie vas is** waarop julle tog **moet ag gee** soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte, terwyl julle **veral moet weet** dat geen profesie van die skrif 'n saak van **eie uitlegging** is nie, want geen profesie is ooit deur **die wil van 'n mens** voortgebring nie, maar deur die **Heilige Gees** gedrywe (Joh 16v13) het die heilige mense (profete-Amos 3v7) van God gespreek (2Pet 1v19-21)

1) Heilige Abba Vader se **heilsgeskiedenis met die mensdom** het begin by Adam en Eva ±6000 jaar gelede vlgs. Gen1v26.
2) **±2000 jaar** later sluit Hy 'n ewige verbond met Abraham vlgs. Gen 17v7 en begin **Sy heilsgeskiedenis met Sy volk Israel.**
3) **±2000 jaar** later word Sy Seun, Heilige Jesus Christus gebore uit **'n maagd** en 33 jaar later word Hy gekruisig en begin die **kerkperiode van 2000 jaar** vlgs. Matt 28v19 en Hand 1v8.
4) Jesus kom nou na **2000 jaar** weer terug vlgs. Hosea 5v15, Hosea 6v2 en Joh 14v1-3. **Let asb op dat m.b.t Heilige Jesus se wederkoms een dag gelyk is aan 'n 1000 jaar vlgs. 2Petr 3v8.**
5) Op **14 Mei 1948** bot die vyeboom (**Israe**l), en kry hulle onafhanklikheid vlgs. Luk 21v29-30 **en begin die geslag van 70 jarige ouderdom** (Ps 90v10a) wat nie sal verbygaan, hier af te tel vlgs. Matt 24v34, Mark 13v30, Luk 21v32.
6) **1967:** Die 6 daagse-oorlog tussen **Israel** versus Egipte, Sirie en Jordanie vind plaas met **Israel as die oorwinnaar** waarna **Oos-Jerusalem** en die **Golan-hoogland** weer in die hande **van Israel** val.
7) **1999-2000:** Die **ganse Christendom** is wêreldwyd in rep en roer – Heilige Jesus gaan terug kom aan die einde van **Desember 1999.** Massas preke en liedjies word wêreldwyd gehoor, Nostrodamus se voorspellings word aangehaal, die Bybelkodeboek word gedruk en versprei, die YQ 2000 histerie-sindroom word wêreldwyd gepromofeer, die sterre teken (Pisces-Vis) verdwyn en Aqarius (New Age teken) verskyn in die hemelruim**. NB: Hierdie wêreldwye wederkoms verwagting vorm die eerste geroep van Matt 25v1-4.**
8) **1 Januarie 2000:** Heilige Jesus as die lank verwagte Bruidegom **kom nie**, waarna die **ganse Christendom** as die 10 maagde **geestelik** vas aan die slaap raak m.b.t. **Sy wederkoms** vlgs. Matt 25v5 en dit lei Sy **talmingstyd** in vlgs. Matt 25v5.
9) **2000:** Die aftel na die latere wegname van Heilige Jesus se Bruid begin hier. Heilige Jesus **toets Sy Bruid** d.m.v. wêreldwye **pornografie, tegnologie, sosiale media, vrye seks** vlgs. 2Tim 3v1-5. Die aftel na die benoudheid van Jakob (Israel in die Groot verdrukking) vlgs. Jes 29v7, Jer 30v7, Dan 12v1 en Matt 24v21 begin Wêreldwye smarte eskaleer vlgs. Matt.24v8.
10) **Op 11 September 2001 word** die wêreld handelsentrum as twee identiese torings (**let op dis die syfer 11 en die maand September huisves belangrike Joodse feeste vlgs. Jes 29v1**) te New York in die VSA, verwoes vlgs. Jes 2v15. Die Heilige Almagtige God **waarsku die VSA, United Nations en die wêreld:** "Pasop wat julle doen" vlgs. Ps 2v1,2,3 & 10.
11) **14 Augustus 2005:** President George Bush van die VSA manipuleer en intimideer Eerste minister Ariel Sharon van Israel en President Mahmoud Abbas van die Palestyne, waarna Gaza en die Wes-oewer gebiede deur Israel aan die **Palestyne gegee word**. Almagtige Heilige God se toorn ontvlam en daarna tref vyf kategorie 5 verwoestende orkane - Katrina, Rina, Stan, Wilma en **Alfa** (dis maar net die begin) - die VSA. Enorme rampe tref die wêreld vlgs. Sag 12v1-3. Op 6 Januarie 2006 tref 'n massiewe beroerte Eerste minister Arial Sharon van Israel en sterf hy 8 jaar later.
12) Op **28 November 2007** te **Annapolis, Maryland in die VSA,** kom 40 lande byeen en **werp die lot oor Israel** vlgs. Joël 3v3 en besluit hulle dat daar alleenlik **vrede** in die Midde Ooste kan kom, deur Israel en Jerusalem te verdeel in **twee aparte state** tussen Israel en die Palesteine. Die sg **"Two State solution"** met 'n **"Peace treaty."** (Jer 6v14, Jer 8v9 en v11, Esg 13v10) Heilige Almagtige God se toorn ontvlam teen die VSA en die wêreld en in Julie 2008 tref 'n **massiewe wêreldwye geld ineenstorting** die hele wêreld met sy klimaks in **die VSA.**

13) **2011: "The Arab Spring"** begin in Marokko en versprei vinnig regdeur die Midde Oosterse **Moslem lande**. **Sunni en Shia - moslems** begin mekaar uitroei vlgs. Gen 16v12 en Sag 8v10(c).
14) **2012-2013:** Heilige Almagtige God se toorn **ontvlam teen Sirië** wat Hezbollah terroriste huisves wat **Israel** wil verwoes. Die verwoesting van Sirië begin hier vlgs**. Jer 49v23-27**. Honderde duisende sterf en miljoene Siriese Moslems **vlug** na Europa vir veiligheid en kos met hul eindbestemming **Duitsland** as die Luiperd van Dan 7v6.
15) **Die benoudheid** van Jakob-Israel vlgs. Jer 30v7, Esg 29v7 en Dan 12v1 asook **aanvalle** op Israel en die **wêreldwye haat** teen die Jode vlgs. Matt 24v9 neem katastrofiese afmetings aan. Die Midde Ooste en Europa verval in 'n staat van benoudheid en word gereed gemaak om die dier (die antichris) van 1Joh 2v18 en Opb 17v17 te ontvang.
16) **2014-2016: Isis, die wilde esel** van Gen 16v12, openbaar hulself aan die wêreld as die wreedste barbare denkbaar en slag derduisende **christene** lewendig vlgs. Joh 16v1-4 en berei die weg vir die antichris as die grootste mense moordenaar ooit vlgs. Jes 10v5-12, Dan 7v19-21, Opb 6v1-8 en 13v1-10.
17) **2016-2018:** Die onstabiliteit in die Midde Ooste bereik breekpunt. Die **VSA en Israel** versus **Rusland, Sirië, Iran** en **Turkye** vlgs. Sag 12v1-3.
18) **14 Mei 2018:** Die vyeboom (Israel) word **70jaar onafhanklik**. President Donald Trump open die VSA se **ambassade** in Jerusalem, God se geliefde stad. Heilige Abba Vader se toorn m.b.t. die VSA bereik breekpunt (Ps 2v5), omdat Washington en die United Nations God se uitverkore volk soos aangetoon in Jes 41v8-13 met hul parlement die Knesset, **beheer en manipuleer** i.p.v. dat hul vra dat Heilige en Almagtige God hulle lei en aan hulle Sy besluite openbaar (Deut 8v1-20).
19) **Op 6 Desember 2018** :President Donald Trump verklaar Jerusalem as **die hoofstad** van Israel op terwyl **hierdie eer** God alleen toekom vlgs. Jes 62v1-3.
20) **Saterdag 14 September 2019** om 3vm gaan daar 'n engele boodskap uit dat Israel,die Midde Ooste en die wêreld beweeg nou in die middernagtelike profetiese tydgleuf van Matt 25vers6 en vers 9 in!
21) **Januarie 2020** tref Heilige Abba Vader die ganse mensdom met Sy Korona-virus volgens Psm 91v6 en bring Hy die hele wêreld tot 'n stillstand – miljoene word besmet en massas sterf.
22) **Donderdag 16 April 2020** gaan daar 'n kritieke "Wake Up Call" wêreldwyd uit – bekeer julle Jesus Christus se koms is naby!
23) **Dinsdag 15 September 2020** word die "Abraham Accord" olv. President Donald John Trump van die V.S.A. Israel en die Verenigde Arabiese Emirate gesluit – die sg. "Peace Deal of the Century" Hiermee word **die profesie van 1 Thess 5v3 "Want wanneer hulle sê veiligheid en vrede – dan oorval 'n skielike verderf hulle" (Die V.S.A, Washington en New York) soos die barensnood 'n swanger vrou en hulle sal dit nie ontvlug nie!"** oor die V.S.A in vervulling , wat die profetiese deur oopsluit vir die LATERE verwoesting van al die V.S.A se grootste stede deur Rusland – die Beer van Daniel 7v4
24) **Op Woensdag 20 Januarie 2021** kom 'n mees goddelose regering in die V.S.A aan bewind volgens Psm 2v1-3 wat die hele wêreld in die groot verdrukking in gaan lei vgs Matt 24v21.
25) **Damaskus** word deur die Israelse lugmag verwoes tot 'n **vervalle puinhoop** vlgs. Jes 17v1.
26) **Die wêreldwye middernagtelike geroep** vlgs. Matt 25v6 breek nou aan. Alle geldstelsels en finansiële instellings stort wêreldwyd in duie. **NB! Hierdie gebeure veroorsaak die middernagtelike, tweede geroep onder alle christene wêreldwyd van: "<u>Hier kom die Bruidegom</u>!"**
27) **Die kerkperiode van 2000 jaar vlgs. Matt 28v19 en Hand 1v8 as die Lou, beklaenswaardige kerk van Laodicense met sy predikers en lidmate wat deur God uit Sy mond gespuug gaan word vlgs. Opb 3v16, eindig amptelik hier.**
28) Die **10 slapende maagde** wat die **hele Christendom wêreldwyd** simboliseer word nou a.g.v. **die kritieke wêreldgebeure geestelik wakker** vlgs. Matt 25v9 waarna **die grootste herlewing** ooit in die Christendom begin vlgs. Opb 12v11 met eindresultaat Opb 7v9-17.
29) Die **wêreld outoriteit** van die **United Nations** verdwyn met die **verwoesting van die VSA** en **skuif oornag** na **België,** na die **Europese Parlement in Brussel** en **Strasbourg** o.l.v. **Duitsland,** die Luiperd van Dan 2v41-43, Dan 7v6 en Opb 17v12.
30) 'n **Sewe dae** aftel vir die wegname van **Heilige Jesus se Bruid** begin nou vlgs. Matt 24v37 en Gen 7v10 en v16b.

31) **<u>NB!!!</u> DIE WEGNAME VAN JESUS SE BRUID VIND NOU PLAAS VLGS. Matt 24v40-41, Matt 25v10, Luk 17v34-36, 1Kor 15v51-54, 1Thess 4v13-17, Joh 14v2-3 en 1Joh 3v2.**
32) Die tyd van **die wegname** van Heilige Jesus se bruid vlgs. Matt 25v6, Luk 17v34-36 en 1Thess 5v2 is **<u>om 12uur middernag</u>** oor Israel, 6uur vm. in die Ooste, en 6uur nm. in die Weste.
33) **Direk na** die wegname van Heilige Jesus se Bruid **openbaar** die antichris hom aan die wêreld op internasionale media as die (valse) **"vredevors en messias"** van die wêreld vlgs. 2 Thess2v3-4, 1Joh 2v18, Joh 5v43, Opb 6v1-2 en Opb 13v1-10.
34) Die 5 wyse maagde as Bruid van Christus is reeds **veilig** in die Hemel vlgs.Ps 27v5, Luk 21v36, Opb 3v10 en Opb 4v1-2 en verskyn voor die **Bema-troon** van Heilige Jesus om hul **lone en krone** te ontvang vlgs. 1Kor 3v12-15, Rom 14v10, 2Kor 5v10 en Opb 22v12.
35) Nou volg die **eerste 3½ jaar** van die **verdrukking** waartydens Israel die **antichris wat 'n moslem (Isis) is vlgs. Ps 83v6-9 en Jes 10v5 en v12)** as hul messias gaan aanvaar vlgs. J**oh 5v43** en hulle en **menig ander lande,** met hom 'n verbond van **7 jaar** gaan sluit volgens Dan 9v27 en Opb 17v17.
36) **Baie belangrik!!!** As gevolg van die **verwoesting van die VSA** en die wêreldwye finansiële en monitêre ineenstorting, word die **hele wêreld nou** geforseer om **gelyktydig** oor te skakel na 'n **gemeenskaplike globale geldstelsel** vlgs. Opb 13v16-18, bekend as die **merk van die dier** (mikroskyfies) wat reeds nou al onder ons oë in sekere lande aangebied word. **Die Pous** as die **valse profeet** vlgs. Opb 13v11 gaan hierin 'n **primêre rol** speel soos aangedui in Opb 13v16-18.
37) Die antichris openbaar hom in Opb 6v2 op 'n **Witperd** met 'n boog **<u>sonder 'n pyl</u>** met 'n kroon en as 'n oorwinnaar (verwys Jes 10v7-14 en Dan 11v31-45). As gevolg van die verwoestende nagevolge van die kernbom aanvalle op die VSA verplig die **antichris alle lande wêreldwyd** om hulle **totale wapen arsenale te vernietig,** wapenfabrieke af te breek, alle handwapens in privaat besit te konfiskeer en te vernietig.
38) Daarna volg die **tweede 3½ jaar** as die **groot verdrukking** vlgs. Jes 10v5-14, Dan 12v1 en Matt 24v21 waartydens die antichris in die **3de tempel** in Jerusalem gaan sit vlgs. Dan 7v25, Dan 8v13, Dan 11v31, Matt 24v15, 2Thess 2v3-4 en Opb 13v15 en **hom as God** gaan voorgee wat **aanbid** moet word. Op hierdie stadium kom die Jode agter dat hy nooit hul **verwagte messias** was nie maar wel die **antichris** is, en moet hulle vlug vir hul lewens die woestyn in vlgs. Matt 24v16-20 **na Petra** in die Suide van Jordanie waar hulle vir **drie en 'n halwe jaar** deur hul Heilige Almagtige God onderhou gaan word vlgs. Opb 12v6**. Alle Bybels** gaan in hierdie tyd wêreldwyd verbied en vernietig word volgens Dan 8v12 en Amos 8v11-12.
39) In hierdie tyd **na-aap** die satan Heilige Jesus se **dood en opstanding** deurdat die antichris, as sy "valse christus" deur een van sy vertrouelinge volgens Dan 11v26 doodgemaak word met **sy swaard**, maar dat hy **weer lewendig** word vlgs. Opb 13v14 waarna die hele wêreld in **verwondering agter hom, die antichris** sal aangaan vlgs. Opb 13v3.
40) Hierna word die Heilige Almagtige God se oordele op die aarde uitgegiet vlgs. Jes 2v9-21, Jes 13v4-13, Jes 24v1-23, Esg 13v11-15, Opb 6v12-17, Opb 8v1-13, Opb 9v1-21 en Opb 16v1-20; wat afsluit met die grootste aardbewing ooit vlg, Esg 38:19-22, Sag 14:4-5, Opb 16:17-21, wat begin by New Zeeland, regdeur die Verre Ooste, groot Asië, die Midde Ooste, Europa, Afrika, Noord en Suid Amerika, en wêreldwye verwoesting saai, en verdwyn aan die Suidpunt van Argentinië gevolg deur 'n wêreldwye Tsunami, van tot 'n duisend meter hoog vlg. Jes51:15 en Luk 21:25.
41) Aan die einde van die groot verdrukking maak Heilige God Almagtig seker dat **geen land** - veral **Rusland** - nie dalk moderne wapentuig **verberg** het en gaan gebruik , daarom tref 'n **massiewe meteoriet "sterrereën"** die aarde se atmosfeer vlgs. Opb 6v13 en verwoes dit **alle interkontinentale verbindings-satelliete** sodat geen **moderne wapentuig** d.m.v. **"global satellite position systems"** met hul **gebieds koördinate** kan funksioneer nie en dit vorm die **primêre rede** waarom die slag van Armageddon nie met **moderne wapentuig** geveg gaan word nie, maar wel met **perde en ruiters** aan beide kante.
42) Die slag van Armageddon vind nou plaas vlgs. Opb 16v12-16 met die leërs van die antichris op perde vlgs. Esg 38 en 39, Jer 6v22-25 Jer 50:41-42 (**Rusland),** Joël 2v1-11 (**Noord Korea**), Joël 3v9-14, Haggai 2v22, Sag 12v4, Sag 14v12-15, Opb 9v13-19 en Opb 16v12 (**China**) aan die eenkant, versus Heilige Jesus Christus en Sy leërs vlgs. Opb 19v11-21vanuit die Hemel aan die anderkant. Die slag

van Armageddon begin by **Bosra** vlgs. Jes 63v1-6 en eindig **200 myl** verder vlgs. Opb 14v20 by die Olyfberg in Jerusalem vlgs. Sag 14v4.

43) **NB!!!NB!!! Volgens Sag 14v7 is die tyd van Heilige Jesus Christus se openbare koms wanneer elke oog op aarde Hom sal sien vlgs. Opb 1v7 ses uur nm die aand in Israel.**
44) Hierna word die satan gebind vir '**n duisend jaar** vlgs. Opb 20v3 sodat hy die **aardbewoners nie** kan verlei nie.
45) Wanneer **Heilige Jesus Christus Sy voete op die Olyfberg** neersit vlgs. Sag 14v4, sien die Jode die **merke in Sy hande** vlgs. Sag 13v6 en besef hulle dat Hy reeds met Sy eerste koms **hulle Koning was vlgs. Matt 2v1-6** wat hulle voorouers laat kruisig het vlgs. Joh 19v14-16; en dat hulle al die **eeue van smarte en ellende (Matt 27v25)** kon gemis het, en begin hulle **bitterlik te ween** vir **30 dae** aaneen vlgs. Sag 12v10. Hiermee geskied die **geestelike herstel van Israel** vlgs. Sag 9v16-17, Esg 37v1-28 en Rom 11v24-27.
46) Die **min mense** wat op aarde oorgebly het vlgs. Jes 24v6 na die groot verdrukking word nou in Israel versamel voor Heilige Jesus Christus; **die bok-nasies** aan Sy linkerkant en **die skaap-nasies** aan Sy regterkant en gedurende **15 dae** word hulle ge-oordeel vlgs. Matt 25v31-46.
47) Die **hele land Israel** word nou **staatkundig verdeel en herstel** vlgs. Esg 48 en gaan Heilige Almagtige Vader se **ewige verbond** wat Hy gesluit het **met Abraham** 4000 jaar gelede vlgs. Gen 17v1-9 finaal in vervulling. Hiermee word die **diaspora** (die geestelike en staatkundige) herstel van Israel voltooi.
48) Hierna begin Heilige Jesus se **vrederyk van 'n duisend jaar** as die Koning van die konings amptelik op aarde vlgs. Psm 2v6-12, Jes 11v1-9, Dan 7v13-14 en 27-28, Sag 14v9, Matt 6v10, Opb 5v10; 11v15 en 20v4-6 en gaan die **engele se profetiese loflied van 'vrede op aarde' te Betlehem 2000 jaar gelede** by die herders in vervulling vlgs. Luk 2v13-14.
49) Heilige Jesus Christus regeer dan in Jerusalem vanuit die **4de Tempel** vlgs. Psm 2v6-12 en Esg 43v1-7 en sit op die troon van Dawid vlgs. Jes 9v5-6.
50) **Dawid** regeer as **tweede in bevel** naas **Heilige Jesus** in Israel as die **Vors oor Israel** vlgs. Jes 55v3-4, Jer 30v9, Esg 34v23-24 en Esg 37v24-25.
51) Die Heilige Woord van Almagtige God word dan vir 'n **duisend jaar vanuit Jerusalem** aan die wêreld verkondig **deur die Jode** vlgs. Jes 2v1-5, Miga 4v1-5, Sag 8v20-23 en Matt 24v14.
52) Na die duisend jaar van vrede op aarde word die **satan ontbind** en verlei hy die hele wêreld in rebellie teen Heilige Almagtige God en omsingel hulle **Israel en Heilige God se geliefde stad Jerusalem** vlgs. Opb20v7-10.
53) Almagtige Heilige God stuur **vuur uit die Hemel** en die aarde en alles daarop verbrand vlgs. 2Petr 3v10-12.
54) Na **sewe duisend jaar** vanaf Adam en Eva breek die **oordeelsdag** aan in die Hemel waartydens die dood en die doderyk finaal ge-oordeel word voor die **groot Wittroon** vlgs. Dan 7v9-10, Dan 12v2 en Opb 20v11-15.
55) Daarna word die **huidige aarde en hemel** weer **herskep** soos in Genesis 1 tot 'n **nuwe aarde** en 'n **nuwe hemel** waarin ewige geregtigheid sal woon vlgs. 2Petr 3v13-14, 1Kor 15v22-28 en Opb 21v1.
56) Die **heilige stad**, die **nuwe Jerusalem,** waarin die **Bruid** van Heilige Christus woon daal dan neer vanuit die hoogste Hemel terwyl die **heerlikheid Heilige Almagtige God en die Heilige Lam dit verlig** tot in alle ewigheid vlgs. Opb 21v9-27.

Amen!

BAIE, BAIE BELANGRIK! Tyd het uitgeloop – gaan jy deel wees van Sy Bruid of gaan jy dit vir tyd en vir ewigheid mis!
Wat is jou keuse?